

ST. FRANCISKUS XAVIER

3 DESEMBER

(1506-1552)



Hierdie groot Apostel van die Ooste is in Spanje gebore. Hy gaan studeer as jongman in Parys waar hy St. Ignatius Loyola ontmoet. So word hy saam met Ignatius een van stigters van die Jesuïete. Hy word in 1537 priester gewy en in 1541 word hy aangestel as pouslike gesant vir die Portugese kolonies in Indië. Hy bereik Goa in 1542 en begin onmiddellik met sendingwerk regdeur die Suide van Indië en moderne Sri Lanka. In 1549 vertrek hy na Japan en ná twee jaar daar probeer hy om China binne te gaan (iets wat verbode was vir buitelanders). Hy sterf op die eiland Shangchwan langs die Chinese kus terwyl hy op die boot gewag het wat hom in die geheim na China sou neem. Sy liggaam is teruggeneem na Goa waar sy relieke vandag nog in die kerk van die Goeie Jesus rus. Naas die apostel Paulus was hy waarskynlik een van die grootste en dapperste sendeling apostels in die geskiedenis van die Kerk.